# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA
BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c Monday 21 December 1981 WINDHOEK Maandag 21 Desember 1981 No. 4572

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICE:

No. AG. 168 Promulgation of Security Districts Amendment Act, 1981 (Act 20 of 1981), of the National Assembly of South West Africa 1

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. AG. 168 Afkondiging van Wysigingswet op Veiligheidsdistrikte, 1981 (Wet 20 van 1981), van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika 1

## Government Notice

Office of the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF THE COUNCIL OF MINISTERS

No. AG. 168 1981

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979), is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:—

No. 20 of 1981: Security Districts Amendment Act, 1981

## Goewermentskennisgewing

Kantoor van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN DIE MINISTERSRAAD

No. AG. 168 1981

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:—

No. 20 van 1981: Wysigingswet op Veiligheidsdistrikte, 1981

Act No. 20, 1981

## SECURITY DISTRICTS AMENDMENT ACT, 1981

*(English text signed by the Administrator-General on 10 December 1981)*

# ACT

**To amend the Security Districts Proclamation, 1977, so as to provide for the questioning in relation to certain offences of persons who are detained under an order issued in terms of section *5bis* of the said Proclamation.**

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows:—

Amendment of section *5bis* of Proclamation AG. 9 of 1977, as inserted by section 2 of Proclamation AG. 27 of 1979 and amended by section 1 of Proclamation AG. 11 of 1980.

1. Section *5bis* of the Security Districts Proclamation, 1977, is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(4) The conditions referred to in paragraph (c) of subsection (1) may include a condition that any person for whose further detention an order has been issued under the said subsection (1) may at any time be questioned by a member of the security forces in relation to any offence or intended offence referred to in section 4(2).".

Short title.

2. This Act shall be called the Security Districts Amendment Act, 1981.

**WYSIGINGSWET OP VEILIGHEIDSDISTRIKTE, 1981** **Wet No. 20, 1981**

*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 10 Desember 1981)*

# WET

**Tot wysiging van die Proklamasie op Veiligheidsdistrikte, 1977, ten einde voorsiening te maak vir die ondervraging met betrekking tot sekere misdrywe van persone wat kragtens 'n bevel uitgereik ingevolge artikel *5bis* van genoemde Proklamasie aangehou word.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel *5bis* van Proklamasie AG. 9 van 1977, soos ingevoeg deur artikel 2 van Proklamasie AG. 27 van 1979 en gewysig deur artikel 1 van Proklamasie AG. 11 van 1980.

1. Artikel *5bis* van die Proklamasie op Veiligheidsdistrikte, 1977, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

" (4) Die voorwaardes in paragraaf (c) van subartikel (1) bedoel, kan 'n voorwaarde insluit dat 'n persoon vir wie se verdere aanhouding 'n bevel kragtens genoemde subartikel (1) uitgereik is te eniger tyd deur 'n lid van die veiligheidsmagte ondervra kan word met betrekking tot 'n misdryf of voorgenome misdryf in artikel 4(2) bedoel.".

Kort titel.

2. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Veiligheidsdistrikte, 1981.